Maandag

Heb. 2: 10,11; 10: 10 – 23. Teks Hebreërs 10: 22. Tema Christus laat ons God vrymoedig aanbid. Christene aanbid God op ʼn totaal ander manier as al die afgodsdienste van die wêreld God aanbid, ook die Joodse afgodsdiens. Hebreërs beskryf hierdie aanbidding as nuut en lewend. Dit is die aanbidding wat Jesus Christus deur sy liggaam vir ons bewerk het. Ons hoef God nie meer by ʼn tempel, deur priesters of offers te aanbid nie. Om na God in gebed te gaan en as God aan te roep, het Jesus Christus alle tempels, priesters en offers uit die weg geruim. Vers 22 beskryf die nuwe aanbiddingswyse, die nuwe wyse waarop ons in gebed na God toe gaan – met ʼn opregte hart, met volle geloofsekerheid, met besprinkelde harte, vry van ʼn slegte gewete en met ons liggame gewas met skoon water! Hoe roep ons God in gebed aan met ʼn opregte hart? Dit word beskryf in Hebreërs  as ons is vir God en die aanbidding van God, eens en vir altyd deur die offer van Jesus Christus heilig gemaak. (10: 10) en ons is daardeur vir die aanbidding van God vervolmaak. (10: 14) Ons is deur Christus as heilige mens heilig gemaak om die heiligdom van god se teenwoordigheid binne te gaan. (2: 11, 10: 19) Heilig beteken volkome in liefde. God vervul ons deur Jesus Christus met sy volkome liefde en laat ons liefde met al sy verkeerde neigings vir God volkome liefde wees! In hierdie vertroue kan ons na God gaan met ʼn opregte hart – ʼn hart wat glo wat God ons en ons liefde vir sy liefde vervolmaak het. (10:14) In hierdie geloof kan ons nooit weer na god gaan met ʼn verskeurde en verwronge hart nie want ons nader God in die heiligheid wat ons met Christus as mens deel en nie met ons eie heiligheid nie. Christus was vir ons die verskeurde en verwronge mens sodat ons met heel harte God kan aanbid. Harte met volle vertroue in God se liefde is opregte harte. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Heb. 2: 10,11; 10: 10 – 23. Teks Hebreërs 10: 22. Tema Christus laat ons God vrymoedig aanbid. Ons aanbid God op die nuwe en lewende wyse – met volle geloofsekerheid! Volle geloofsekerheid oor wat? Oor die groot Priester wat ons oor die huis van God het. (10: 21) Jesus Christus is die hoëpriester wat nie aan versoekings toegegee het nie, en so sondeloos en onskuldig as sondaar moes ly, sodat Hy ons wat toegee aan versoekings heilig vir God kan laat wees.( 2: 17,18) Só is God vir ons met ons sondigheid barmhartig en getrou aan sy liefde vir ons. Wanneer ons God in gebed nader en aanroep, is dit altyd met hierdie geloofsekerheid in ons harte dat Hy vir ons met ons sondigheid barmhartig, genadig, goed, lankmoedig en liefdevol is. Ons kan God nooit weer op die ou aanbiddingswyse met bevangenheid en angstigheid aanbid nie. Ons kan nooit weer bevange wees in die vermoede van sy grimmigheid, sy ongedurigheid, sy woede of haat nie. Ons kan nooit weer angstig wees oor sy afwesige barmhartigheid en liefde nie want ons is seker oor wie Jesus Christus as groot Priester vir sy kerk, sy volk, sy huis is. In hierdie geloofsekerheid aanbid ons God. Ons aanbid God nuut en lewend vry van ʼn slegte gewete! ʼn Slegte gewete is ʼn gewete wat deur God en mense aangekla, beskuldig en veroordeel is en wat my verwyt. Ons kan nooit weer met só ʼn gewete God in gebed aanroep nie. Want my liggaam open nie vir my die weg tot God nie, maar Christus se liggaam: Christus as mens het God se teenwoordigheid binne gegaan as die aangeklaagde, skuldige en veroordeelde mens om só die offer te wees vir my sonde. ʼn Offer wat alle aanklagte teen, skuld by en oordeel van God eens en vir altyd van my wegneem.ʼn Offer wat my vir god se liefde vervolmaak. (10: 10, 14) Die nuwe aanbidding van God deur Christus is om altyd God met ʼn gewete

vry van aanklagte, skuld en oordeel te nader, met ŉ gewete vasgebind in my heiligheid vir God. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag
Heb. 2: 10,11; 10: 10 – 23. Teks Hebreërs 10: 22. Tema Christus laat ons God vrymoedig aanbid. Ons aanbid God op die nuwe en lewende wyse – met volle geloofsekerheid! Ons aanbid God op die nuwe en lewende wyse – met besprinkelde harte en liggame gewas met skoon water! Met ons liggame dra ons die teken van die doop wat wys dat ons harte besprinkel is. Hierdie is die harte wat God sy kinders gee binne die Abrahamsbelofte volgens Hebreërs 16 wat ŉ direkte aanhaling van Jeremia 31: 31 is. Volgens hierdie belofte gee God ons ŉ hart wat verbind is aan God se wet en ŉ verstand wat gerig word deur God se wet. Hierdie nuwe innerlike verbintenis tot God se wet is omdat God ons vir Hom en sy liefde volgens die wet vervolmaak het, geheilig het in Christus. (10:10 en 14) Esegiël noem dit in 36: 26 die belofte van ŉ nuwe hart en gees. Deurdat ons seker is dat ons en ons diens aan God vir God geheilig is deur Christus, kan ons met heel harte God en ons naaste liefhê en dien. Ons aanbid God met besprinkelde harte: harte wat verbind is tot liefde en diens volgens sy wet. Ons kan God nooit weer deemoedig aanbid nie. Deemoedige aanbidding is om jou voor God self niks en sleg te maak, sodat God behae moet kry dat jy weet hoe verwerplik jy is en daarom jou weer ŉ kans tot liefde en diensbaarheid gee. In die nuwe en lewende aanbidding van Jesus Christus gaan ons nooit weer deemoedig in gebed na god toe nie, maar met harte vervul met liefde en diensbaarheid uit ons geloof dat Christus ons vir God vervolmaak het. (10:14) Ons dra met ons doop die teken dat ons God op die nuwe en lewende wyse aanbid en die op die ou dooie wyse van ŉ angstige en verskeurde hart, met ŉ slegte gewete en deemoedig nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag
Heb. 2: 10,11; 10: 10 – 23. Teks Hebreërs 10: 22. Tema Christus laat ons God vrymoedig aanbid. Hoe gaan jy met die sondes wat jy vandag gedoen het na die Here toe in gebed? Met ŉ opregte hart, in volle geloofsekerheid, vry van ŉ slegte gewete, met ŉ besprinkelde hart en ŉ skoon gewaste liggaam! Ons as die Here se kinders kan nooit met verskeurde, verwronge, angstige, skuldbelaaide en deemoedige gemoed na God gaan met die sondes wat ons gedoen het nie. Dit is die ou weg na God en ons gaan op ŉ nuwe en lewende weg na God in gebed. Met die sondes wat ons gedoen het, gaan ons na God met harte wat opreg is in die liefde en barmhartigheid wat Hy vir ons het. Met die geloofsekerheid dat die sondes wat ek gedoen het my nie van God se liefde kan skei nie. Vry van ŉ slegte gewete wat my aankla, veroordeel en verwyt vir die sondes wat ek gedoen het en met harte wat besprinkel is – jammer oor sonde uit die liefde wat ek vir God het en weer bereid tot goeie werke uit die wil om diensbaar aan God te leef. Hoe nader ons God oor ons eie magteloosheid en onvermoëns vir ons verantwoordelikhede wat ons moet dra? Met ŉ opregte hart, volle geloofsekerheid, harte wat besprinkel is en vy van ŉ slegte gewete, vra ons God se raad, leiding, uitkoms en hulp! Hoe nader ons God met ons hartseer en rou oor ons verliese deur rampe, die ellende van hierdie wêreld en die dood? Met ŉ opregte hart, volle geloofsekerheid, harte wat besprinkel is en vry van ŉ slegte gewete, omdat ons weet dat God in niks besig is om ons te straf, te verstoot of te verlaat nie maar altyd God met ons in sy liefde en barmhartigheid is! Só aanbid ons God ons sonder tempels, priesters en offers, op die nuwe en lewende weg wat

Christus vir ons oopgemaak het na God. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag
Heb. 2: 10,11; 10: 10 – 23. Teks Hebreërs 10: 22. Tema Christus laat ons God vrymoedig aanbid. Kan u vir uself die woede teen Christus voorstel van geestelikes wat besig is met die ou manier van aanbidding van God vir die nuwe aanbidding van God wat Christus vir ons geskep het? Die nuwe en lewende aanbidding maak ŉ einde aan alle tempels, priesters en die bedryf van priesters – offers! Christus beëindig die hele godsbedryf en offerbedryf van geestelikes. Wat gebeur is besigheid as ŉ nuwe bedryf ander bedrywe uit die mark sit? Hulle gaan herontwerp hulle ou goed om weer soos iets nuuts te laat lyk, al is dit nog steeds die ou goed. Dit is presies wat die geestelikes van hierdie wêreld met hulle ou manier om God te aanbid gedoen het. Hulle het sonder plekke wat hulle tempels noem, sonder die titel "priester" en sonder sigbare offers, die hele ou aanbidding van God herontwerp asof dit nuwe aanbidding is. Hoe? Deur jammerlike, bejammerenswaardige en selfbejammerende aanbidding! Hulle preek jou so! Jy moet na God jammerlik en bejammerenswaardig gaan! Jy moet jouself versukkeld ervaar, jy moet innerlik gebroke en stukkend, misvormd wees, jy moet verstote, verlate, eensaam en angstig voel, jy moet jouself sien as onbeholpe en onbevoeg, jy moet oor jouself, alles en almal wroegend wees, en die belangrikste van alles – jy moet jouself minag vir wie en wat jy is. Hierdie houding word in jou ingedril met sagte stemmingsmusiek, vertroetelende woorde, perverse innighede, traumatiese vertellings, onbereikbare drome en visioene, en die oproep van verskuilde passies en heimlike begeertes. Met hierdie tipe aanslag word jy gebreek om God jammerlik en selfbejammerend in gebed te nader as die weg na God toe. Só word hulle weer geestelik priesters in tempels wat offers eis as die weg na God toe. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag ekstra
Heb. 2: 10,11; 10: 10 – 23. Teks Hebreërs 10: 22. Tema Christus laat ons God vrymoedig aanbid. Die verskil tussen die nuwe en lewende aanbidding van God en die ou aanbidding waar jy deemoedig na God moet kruip, gaan oor wie aan wie se liggaam jy vasgebind is. Hebreërs 10: 20 verklaar dat dit die Here Jesus se liggaam is wat vir ons die nuwe en lewende aanbidding van God open, om God met ŉ opregte hart, in volle geloofsekerheid, met besprinkelde harte, vry van ŉ slegte gewete en ons liggame gewas met skoon water kan aanbid. Ons is verenig met Christus se liggaam in die hemel, sy menswees vandag van vleis en bloed in die hemel en só deel ons in sy heiligheid as mens vir God. (Heb. 2: 11) Die geestelikes van hierdie wêreld maak hulle liggame die weg wat vir ons die pad na God toe oopmaak. Wanneer hulle jou omhels en teen hulle liggame vashou, wanneer julle jou van voor en agter omvou met hulle innighede en vertroetel in hulle magsaandoenings, glo hulle dat jy op die skoot van God gaan sit en deel word van God se goddelikheid. Maar om in hulle geestelikheid omvou en vertroetel te mag word, moet jy jouself pateties oor gee aan jou gewaande versukkeldheid, gebrokenheid, verlatenheid, onbevoegdheid en angstigheid oor God. Hulle is altyd die kerk vir die randfigure in die gemeenskap en die sosiale vreemdelinge. Hulle kan nooit vir mense met ŉ goeie selfbeeld, sterk wil, selfstandige karakter en gebalanseerde persoonlikheid kerk wees nie. Hulle maak hulle liggame die nuwe tempel waar jy God kan ontmoet, hulle self die nuwe priesters wat jou pad na God

oopmaak met die opoffering van jou persoonlikheid, karakter, lewe en besittings aan hulle. Hulle is die gebedsleiers, die mentors in aanbidding en die fasiliteerders wat jou in God se goddelikheid laat deel in hulle omhelsings. Christene ken net een liggaam wat vir ons die nuwe en lewende aanbidding van God geopen het, Jesus Christus as mens in die hemele, aan die regterhand van die Vader. Ons barmhartige Hoëpriester deur wie ons God vrymoedig aanbid. (Heb. 3: 1 – 6) Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus